St. Ireneüs
28 Junie

(c137—c200)

Hy was afkomstig uit die Ooste, waarskynlik Smirna, waar hy as jongman na die prediking van St. Polikarpus geluister het. Hy word priester in Rome en later biskop van Lyons (in moderne Frankryk) en word beskou as die eerste groot Katolieke teoloog. In sy tyd was die Kerk nog jonk en klein, maar alreeds vinnig aan die uitbrei. Hy was ’n groot bemiddelaar in al die groei krisisse binne die vroeë Kerk. Sy groot intellek, sy ruim denke en veral sy diep geloof het die Kerk baie deur daardie moeilike beginjare gehelp. Pous Franciskus verklaar hom Kerkleraar (van eenheid) omdat sy lewe en werk verteenwoordigend was van die tyd toe die Oosterse en Westerse Kerk nog een was.

© Die Oratorium Uitgewery